TOESTEMMINGSVORM VIR NARKOSE EN CHIRURGIE

ANIMAL HOSPITAL & VETSHOP

Somerset West

PATIENT DETAILS

Patient name: _____

Patient number: _____

Surname: _____

(or hospital patient ID sticker)

U troeteldier, _____ ondergaan vandag 'n **sterilisasie / kastrasie** onder
(naam) (chirurgiese prosedure)
algemene narkose.Ten einde sy/haar veiligheid en gesondheid te bevorder, lees asb. hierdie vorm noukeurig deur, parafeer waar nodig en teken die bemagtiging op die laaste bladsy.

Voor-narkose gesondheidsvraelys (omkring die gepaste antwoord) **Opmerkings:**

• Het u troeteldier *enige* voedsel in die laaste 12 uur ingeneem?.....	ja | nee	_____
• Het u troeteldier al ooit van te vore enige narkose komplikasies ondervind?.....	ja | nee	_____
• Is u troeteldier allergies vir enige medikasie/middels?.....	ja | nee	_____
• Ondervind u troeteldier tans enige vorm van hoes, nies, braking of loopmaag?.....	ja | nee	_____
• Was daar enige oormatige toename in waterinname of urinering oor die afgelope 6 maande?	ja | nee	_____
• Was daar enige oormatige toename of afname in aptyt oor die afgelope 6 maande?.....	ja | nee	_____
• Word u troeteldier uitasem na ligte, normale oefening?.....	ja | nee	_____
• Het u enige onverwagte gewigsverlies/-toename in die afgelope 6 maande opgemerk?.....	ja | nee	_____
• Ly u troeteldier aan enige kroniese mediese toestand?.....	ja | nee	_____
• Het u troeteldier in die afgelope 30 dae enige medikasie ontvang?.....	ja | nee	_____
• Is u troeteldier in die afgelope 12 maande ingeënt?.....	ja | nee	_____
• Was u troeteldier al ooit ernstig siek?.....	ja | nee	_____

1. Voor-narkose bloedtoetse [Addisionele koste van R814.50]**:**

Meeste narkosemiddels wat aan pasiënte toegedien word, word deur hul lewer en niere uitgeskei. Lewer- en/of nier abnormaliteite kan dus die risiko van moontlike chirurgiese of narkose komplikasies verhoog. Dikwels kan sulke afwykings nie tydens 'n normale ondersoek gediagnoseer word nie, maar ons kan dit opspoor deur 'n bloedtoets uit te voer voor enige narkose toegedien word. Normale resultate waarborg nie noodwendig dat u troeteldier geen narkose komplikasies sal hê nie, maar plaas hom/haar in 'n baie laer risiko kategorie. Indien enige van die resultate abnormaal is, sal ons dit met u bespreek en kan ons moontlik:

1. Die prosedure uitstel en herskeduleer.
2. Verdere toetse uitvoer om 'n spesifieke diagnose te vind.
3. Voortgaan met die narkose, met aanpassings tot die medikasie/prosedure.

_____ **Ja**, voer asb. die bloedtoets uit
_____ **Nee**, moet nie die bloedtoets uitvoer nie
(Parafeer asb.)

Die koste vir hierdie toets beloop R814.50.

Kat eienaars: ons beveel aan dat u toets of u kat FeLV (Kat Leukemie Virus) en/of FIV (Kat VIGS virus) het.. Albei virusse verswak 'n kat se immuunsisteem en belemmer normale genesing. **Dit kos R390 om vir albei die virusse te toets**. (Vra ons gerus vir meer inligting oor FeLV/FIV indien u dit verlang.)

_____ **Ja**, toets asb. my kat vir FeLV/FIV
_____ **Nee**, moet nie vir FeLV/FIV toets nie
(Parafeer asb.)

2. Binne-aarse vloeistof ("drip") [Addisionele koste van R660]**:**

Narkose kan lei tot 'n val in bloeddruk wat verlig kan word deur binne-aarse vloeistof toe te dien (d.m.v. 'n "drip"). Verlengde lae bloeddruk is veral gevaarlik in ouer en/of siek pasiënte en kan in sommige gevalle lei tot akute nierversaking, breinskade en selfs die dood. Jong, gesonde honde en katte wat sterilisasie ondergaan, ontvang nie as 'n reël 'n "drip" nie, maar u mag dit aanvra vir u troeteldier as 'n addisionele voordeel. Die ekstra

_____ **Ja**, plaas asb. 'n drip
_____ **Nee**, moet asb. nie 'n drip plaas nie
(Parafeer asb.)

kostes verbonde aan die toedien van 'n “drip” is R660.

3. Aanvullende pyn beheer [Addisionele koste van R50 tot R200]**:**

Al ons pasiënte ontvang morfien of soortgelyke middels as voormedikasie vir chirurgiese pyn beheer asook 'n anti-inflamatoriese pynstiller inspuiting wat vir 24 uur lank werk. Dié medikasie is gewoonlik voldoende vir klein prosedures, maar in geval van groter operasies (sterilisasies en kastrasies) beveel ons aan dat 'n 5 dae kursus pynstillers na chirurgie toegedien word. Dit verminder ongemak na die operasie en bevorder genesing asook die welsyn van u troeteldier. Die koste verbonde aan addisionele pynstillende medikasie varieer tussen R50 en R200 na gelang van die grootte van die pasiënt.

____ **Ja**, skryf asb. ekstra pynmedikasie voor
____ **Nee,** moet nie ekstra medikasie voorskryf nie
(Parafeer asb.)

LET WEL: Indien u aanvra dat pynmedikasie nie uitgedien word nie, mag die veearts in enkele gevalle (waar die weerhouding van pynstillers as oneties beskou kan word) u besluit oorheers, teen u koste.

4. Inentings [Addisionele koste vir honde: R475, vir katte: R555]**:**

Inentings is een van die mees effektiewe vorms van voorkomende geneeskunde. Om optimale beskerming te verseker moet alle honde en katte teen die ouderdom van 6 maande minstens 3 of 4 volledige inentings ontvang het. Daarna word hulle een maal per jaar ingeënt. U word ook wetting verplig om u troeteldier teen hondsdolheid in te ent, aangesien hierdie lewensgevaarlike siekte indemies in Suid Afrika voorkom en aansteeklik is tussen mens en dier. Volwasse troeteldiere wat in die Wes Kaap woonagtig is, moet na hul oorspronklike inentings elke 3 jaar 'n hondsdolheid inenting kry. Dit kos R475 vir honde se volledige inentings en R555 vir katte (wat 'n FeLV inenting insluit).

_____ **Ja,** ent asb. my troetedier in
_____ **Nee**, moet geen inentings toedien nie
(Parafeer asb.)

5. Permanente identifikasie: Plasing van ID mikroskyfie [Addisionele koste van R345]**:**

Om 'n mikroskyfie te plaas behels 'n eenvoudige inspuiting onder die vel en dien dan as 'n permanente manier om u troeteldier te kan identifiseer. Alle skyfies bevat hul eie unike nommer wat saam met u troeteldier se besonderhede op 'n sentrale data basis geregistreer word. Mikroskyfies is baie meer betroubaar en kan nie soos halsbande met naamplaatjies verlore raak nie. Wanneer verlore troeteldiere na welsyns-/dierebeskermingsorganisasies of diereklinieke geneem word, kan die eienaars dus baie makliker opgespoor en in kennis gestel word. Die koste om 'n mikroskyfie te plaas beloop R345.

_____ **Ja,** plaas asb. 'n mikroskyfie
_____ **Nee,** moet asb geen mikroskyfie plaas nie
(Parafeer asb.)

6. Addisionele roetine gesondheidssorg:

Wil u hê dat ons vandag enige van die volgende aan u troeteldier moet toedien?

Vlooi-/bosluisbeheer.... _____ Ja **(Parafeer asb.)** Nee _____
Ontwurm …..... _____ Ja **(Parafeer asb.)** Nee _____
Naelssny …..... _____ Ja **(Parafeer asb.)** Nee _____

7. Toestemming om narkose, chirurgie en/of behandeling uit te voer:

Ek is die eienaar / bevoegde agent van bogenoemde troeteldier en gee hiermee toestemming aan en versoek die kliniek om sulke diagnostiese, terapeutiese en chirurgiese prosedures uit te voer soos wat in die voorafgaande dokument beskryf en bespreek is. Die aard van sulke dienste is voldoende aan my beskryf en ek besef dat daar geen waarborge, hetsy eties of professioneel, gegee kan word ten opsigte van die uitkoms of kuur nie. Ek verstaan en aanvaar dat enige mediese prosedure, insluitend narkose, inherente risiko's bevat, insluitend die dood en ek aanvaar sodanige risiko's. Ek verstaan dat alle redelike sorg en voorsorgmaatreëls getref sal word tydens die uitvoer van hierdie prosedures. Ek gee hiermee magtiging aan die kliniese personeel om tydens 'n noodsituasie enige prosedure wat benodig word om my troeteldier se welstand te verseker, uit te voer op 'n aanhoudende basis totdat daar met my gekommunikeer kan word. Ek verstaan dat ek finansieel aanspreeklik is vir alle dienste gelewer.

Merk asb. die toepaslike blokkie vir vandag se prosedure en enige addisionele dienste

Roetine sterilisasies	Beraming
Hond sterilisasie (teef) <10kg	R 1951 ☐
Hond sterilisasie (teef) 10-25kg	R 2108 ☐
Hond sterilisasie (teef) >25kg	R 2289 ☐
Hond kastrasie <10kg	R 1452 ☐
Hond kastrasie 10-25kg	R 1597 ☐
Hond kastrasie >25kg	R 1737 ☐
Kat sterilisasie (wyfie)	R 1423 ☐
Kat kastrasie	R 807 ☐
Kriptorkiede mannetjie: Koste sal bespreek word	☐

Addisionele dienste	Beraming
Voor-narkose bloedtoets (honde en katte)	R 814.50 ☐
FeLV/FIV toets (katte)	R 390 ☐
Binneaarse “drip” (honde en katte)	R 660 ☐
Ekstra pyn medikasie (hang af van grootte)	-+ R50- R200 ☐
Jaarlikse inenting (honde)	R 475 ☐
Jaarlikse inenting (katte)	R 555 ☐
Mikroskyfie inplanting	R 345 ☐
Vlooi-/Bosluisbeheer: Koste hang af van grootte en produk	☐
Ontwurm: Koste hang af van grootte en produk	☐

Naam en van
van eienaar of bevoegde agent: _____ ID nommer: _____

Handtekening: _____